

## Ek is 'n rugsteker, maar God is nie

“Moenie mense vertrou wat jou ingedoen het nie.” “Ek gee mense net een kans. As hulle droogmaak vertrou ek hulle nooit weer nie.” Ek hoor sulke tipe opmerkings so baie dat ek moet aanvaar mense glo dit regtig. Dan wonder ek wat sou gebeur as God sulke beginsels op ons toepas? Wat sou ons maak as Hy ons net een kans sou gee?

Ek kom agter is 'n rugsteker as dit by God kom. Ek sê gereeld vir die Here ek glo in Hom. Ek sing graag dat ek alles vir Hom gee. En dat ek Hom liefhet. Maar ek moet erken dat ek dit nie altyd doen nie. Ek laat die Here dikwels in die steek. Nogtans vat Hy my elke keer terug. Hy begin elke slag van voor af met my. Hy weet ek besluit keer op keer om Hom nie weer teleur te stel nie... tot 'n volgende keer dat ek dit maar weer doen. Nogtans is sy genadige arms altyd wawyd oop as ek my skuld aan sy voete bely. Die Here weet alles van my af en nogtans het Hy my lief. Dit is pure genade, soos wat Christus se kruis verkondig. Daarom moet ek dieselfde genade wat Hy aan my bewys ook uitleef teenoor ander. Ek kan nie slegs daardie mense vertrou wat my vertrou nie. Of net gaaf wees teenoor diegene wat oulik is met my nie. Ek skuld mense basiese vertrou, al word ek soms ingedoen. Nee, dit beteken nie ek vertrou dwase en skelms nie. Maar ek is by voorbaat liefde verskuldig aan ander, ook al stel hulle my dikwels teleur.

**So lyk die moeilike roete van Jesus.**

deur Stephan Joubert

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- \*Bid vir Lottie Conradie en familie, sy kry baie swaar. Sy het MS
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- \*Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- \*Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- \*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- \*Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- \*Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Myrtle Mans se ma-vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir Heleen Lamont, familie en vriende met die afsterwe van Naas Lamont – bid vir vertroosting

## Psalm 147:3

HY *genees* die wat gebroke is van hart, en HY *verbind* hulle wonde.



God verander nie jou omstandighede nie, maar vir jou sodat jy jou omstandighede in 'n ander lig sien.

## Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

Jak 5:16b



## Gedagte vir die week

Hou vas aan jou geloof, juis wanneer jy deur die moeilikste tyd van jou lewe gaan!

